Deuteronómium in later geskrifte

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie: *II Konings 22, Nehemía 9:6, Jeremia 7:1–7, Psalms 148:4, Jeremia 29:13, Miga 6:1–8, Daniël 9:1–19.*

Geheueteks: **" 'Dan sal julle daarvandaan die Here jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek' "** *(Deuteronómium 4:29)***.**

Een van die fassinerende dinge van die Bybel, veral die Ou Testament, is hoe dikwels dit wat reeds genoem is, verwys of daarop sinspeel. Dit wil sê, latere outeurs van die Ou Testament verwys na die voriges en gebruik dit wat hulle gesê het om hulle punt duidelik te maak.

Psalm 81, byvoorbeeld, verwys terug na Exodus en haal amper woord vir woord aan uit die aanhef tot die Tien Gebooie: "Ek is die Here jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland" *(Ps. 81:11)*.

Regdeur die Ou Testament word daar na Génesis — veral na die Skeppingsverhaal — verwys, soos in "Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg, ook na die hemel, en sy lig was daar nie" *(Jeremia 4:23; lees ook Génesis 1:2)*.

En ja, die latere outeurs, soos die profete, het baiekeer na die Ou Testament terugverwys, na die boek Deuteronómium wat 'n sentrale rol in die verbondslewe van ou Israel gespeel het. Hierdie week gaan ons fokus op hoe die latere skrywers die boek Deuteronómium gebruik het. Watter gedeeltes daarvan het hulle gebruik, en watter gedeeltes het hulle uitgelig wat vandag vir ons belangrik is?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Desember.*

Die boek van die Wet

Koning Josía van Juda wat agt jaar oud was toe hy koning geword het, het 31 jaar geregeer (640 v.C.–609 v.C.) voordat hy op die slagveld gesterf het. In die agtiende jaar van sy regering het iets gebeur wat, ten minste vir 'n klein rukkie, die geskiedenis van God se volk verander het.

Lees II Konings 22. Watter lesse kan ons uit hierdie gebeurtenis leer?

_____

_____

Geleerdes het al lankal tot die gevolgtrekking gekom dat die "wetboek" *(II Konings 22:8)* na Deuteronómium verwys, en wat waarskynlik vir die volk vir baie jare verlore was.

"Josía was diep geraak toe hy vir die eerste keer die vermanings en waarskuwings gehoor het wat in hierdie antieke manuskrip opgeteken is. Nog nooit tevore het hy so volkome besef hoe duidelik God 'die lewe en die dood, die seën en die vloek' (Deuteronómium 30:19) . . . vir Israel voorgehou het nie. Die boek het oorgeloop van God se gewilligheid om diegene wat hulle vertroue ten volle op Hom geplaas het, tot die uiterste toe te red. Soos wat Hy gewerk het om hulle uit die Egiptiese slawerny te verlos, so sou Hy met mag gewerk het om hulle in die Beloofde Land te vestig en hulle bo al die nasies van die aarde aan te stel." — Ellen G. *White, Prophets and Kings*, bl. 393, (vry vertaal).

Dwarsdeur die volgende hoofstuk kan ons sien net hoe ernstig Koning Josía probeer het om "sy gebooie en sy getuienisse en sy insettinge met die hele hart en met die hele siel te onderhou" (*II Konings 23:3*; *lees ook Deuteronómium 4:29, 6:5, 10:12 en 11:13*). En hierdie hervorming het 'n reiniging en suiwering van "al die verfoeisels wat in die land van Juda en Jerusalem te sien was . . . om die woorde van die wet te bevestig wat geskrywe is in die boek wat die priester Hilkía in die huis van die Here gekry het" *(II Konings 23:24)*.

Deuteronómium is vol waarskuwings en vermaninge om nie die praktyke van die nasies rondom hulle te volg nie. Die optrede van Josía en al die dinge wat hy gedoen het, en wat die teregstelling van die afgodspriesters in Samaría ingesluit het *(II Konings 23:20)*, het onthul hoe ver hulle van die waarheid wat aan hulle toevertrou was, afgedwaal het. In plaas daarvan om die heilige volk wat hulle veronderstel was om te wees, te bly, het hulle met die wêreld 'n kompromie aangegaan, al het hulle selfs nog dikwels gedink het, *Ons is nog reg met die* Here, *dankie*.

Wat 'n gevaarlike misleiding!

Watter dinge in ons lewens is nodig om deeglik gesuiwer te word om ons in staat te stel om die Here met ons hele hart en siel te dien?

Die hemel, en ook die hoogste hemel

Deuteronómium maak dit baie duidelik dat die wet en die verbond die middelpunt was, nie net oor Israel se verhouding met God nie, maar ook omdat daar 'n doel met hulle as "uitverkore" volk van God was *(Deuteronómium 7:6, 14:2, 18:5)*.

Lees **Deuteronómium 10:12–15 waar hierdie gedagte van Israel se uitverkore status baie beklemtoon word. Wat bedoel die Bybel egter met die uitdrukking "die hemel, ook die hoogste hemel"? Wat wil Moses hier sê?**

_____

_____

Wat "die hemel, ook die hoogste hemel" beteken, is nie in hierdie konteks heeltemal duidelik nie, maar daardeur beklemtoon Moses die majesteit, die mag en die grootheid van God. Dit wil sê dat nie net die hemel nie, maar ook "die hoogste hemel", aan Hom behoort, en wat heel waarskynlik 'n idiomatiese uitdrukking van God se volkome heerskappy oor die hele skepping is.

Lees **die volgende verse wat almal op hierdie uitdrukking wat eerste in Deuteronómium verskyn, gebaseer is. Wat word in elk van hierdie gevalle beklemtoon, en hoe word hierdie verse deur Deuteronómium beïnvloed?**

*I Konings 8:27*_____

_____

*Nehemía 9:6*_____

_____

*Psalm 148:4*_____

_____

Wat veral in Nehemía 9 duidelik is, is die tema van God as die Skepper en hoe Hy alleen aanbid moet word. Hy het alles, selfs "die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare" gemaak *(Nehemía 9:6)*. Die feit is, Nehemía 9:3 sê dat hy "uit die wetboek van die Here hulle God" gelees het, en dit was heel waarskynlik, soos in die tyd van Josía, uit die boek Deuteronómium, wat verduidelik hoekom 'n paar verse later die Leviete, te midde van hulle lof en aanbidding van God, hierdie uitdrukking, "hemel die hoogste hemel", gebruik het en wat direk uit Deuteronómium aangehaal was.

God is nie net die Skepper van die aarde nie, maar ook van "die hemel", en "die hoogste hemel". En om te dink dat dit hierdie selfde God is wat aan die kruis gesterf het! Hoekom is aanbidding dan so 'n gepaste handeling op wat God vir ons gedoen het?

Deuteronómium in Jeremia

Jare gelede het 'n jongman, 'n agnostikus, ywerig na die waarheid gesoek — wat die waarheid ook al sou wees en waarheen dit hom ook al sou lei. Uiteindelik het hy nie net in God die Vader en in Jesus begin glo nie, maar het hy ook die Sewendedag-Adventiste boodskap aangeneem. Sy geliefkoosde vers in die Bybel was Jeremia 29:13: "En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart." Jare later, terwyl hy sy Bybel bestudeer het, het hy daardie vers weer raakgesien, maar hierdie keer in die boek Deuteronómium. Dit wil sê, Jeremia het dit van Moses gekry.

Lees **Deuteronómium 4:23–29. Wat is die konteks van hierdie belofte aan Israel, en wat sê dit nou aan ons?**

_____

_____

Soos ons reeds gesien het, was die boek Deuteronómium gedurende die heerskappy van Koning Josía herontdek, en dit was gedurende dieselfde koning se heerskappy wat Jeremia sy bediening begin het. Dit is dus geen wonder dat die invloed van Deuteronómium in die geskrifte van Jeremia gesien kan word nie.

Lees **Jeremia 7:1–7. Wat sê Jeremia aan die volk wat hulle moet doen, en hoe kom dit ooreen met wat in die boek van Deuteronómium geskryf staan?**

_____

_____

Oor en oor in Deuteronómium het Moses beklemtoon hoe voorwaardelik hulle bestaan in die land Kanaän was, en indien hulle ongehoorsaam sou wees, hulle nie in die plek wat God vir hulle gekies het nie, sou kon aanbly nie. Kyk maar na die spesifieke waarskuwing in Jeremia 7:4 wat indirek aan hulle gesê het dat, ja, dit was God se tempel en, ja, hulle was die uitverkore volk, maar dit sou niks beteken het as hulle nie gehoorsaam sou wees nie.

En dat gehoorsaamheid ingesluit het hoe hulle vreemdelinge, die wese en weduwees sou behandel het — 'n gedagte wat na Deuteronómium en sommige van die verpligte verbondsbepalinge terugverwys: " 'Jy mag die reg van vreemdeling en wees nie verdraai nie en die kleed van 'n weduwee nie as pand neem nie' " *(Deuteronómium 24:17; lees ook Deuteronómium 24:21; 10:18, 19; 27:19)*.

Lees Jeremia 4:4 en vergelyk dit met Deuteronómium 30:6. Wat is die boodskap aan die volk, en hoe is die beginsel op God se volk nou van toepassing?

Wat vereis die Here?

Baie van die geskrifte van die profete het uit oproepe om getrou te bly, bestaan. En nie net getrouheid oor die algemeen nie, maar in die besonder getrouheid aan hulle deel van die verbond wat herbevestig was net voor hulle die Beloofde Land binnegegaan het. En dit is wat die boek Deuteronómium uitbeeld: die herbevestiging van God se verbond met Israel. Na 40 jaar se omswerwinge in die woestyn was die Here gereed om meer van sy verbondsbeloftes, sy deel van die verbond, te vervul (of te begin vervul). Daarom het Moses hulle vermaan om ook hulle kant te bring. Baie van die geskrifte van die profete was eintlik basies dieselfde: oproepe dat die volk hulle deel van die verbond moes nakom.

Lees **Miga 6:1–8. Wat sê die Here aan die volk, en hoe verbind dit met die boek Deuteronómium? (***Lees ook Amos 5:24 en Hoséa 6:6.)*

_____

_____

Bybelgeleerdes sien in hierdie verse in Miga iets wat bekendstaan as 'n "verbondshofsaak" waar die Here sy volk "dagvaar" of 'n saak vir skending van die verbond teen hulle maak. In hierdie geval sê Miga dat die Here " 'n twis met sy volk" het *(Miga 6:2)*, waar die woord "twis" *(riv)* 'n geregtelike geskil kan beteken. Dit wil sê, die Here het 'n saak teen hulle gemaak, beeldspraak wat die wetlike aspek (naasaan die verhoudingsaspek) van die verbond uitbeeld. Dit behoort nie 'n verrassing te wees nie, want per slot van rekening was die wet die kern van die verbond.

Let ook op hoe Miga die taalgebruik in Deuteronómium direk ontleen: " 'En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die Here jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die Here jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooie van die Here en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?' " *(Deuteronómium 10:12, 13)*. Maar, in plaas daarvan om dit direk aan te haal, verander Miga dit deur die "letter van die wet" in Deuteronómium met die "gees van die wet" te vervang wat daarop dui om regverdig en genadig te wees.

Wat skynbaar hier gebeur, is dat hoe die uiterlike en toegewydheid van hulle godsdiens ook al lyk (baie diere-offers, d.i., "duisende ramme"), is dit nie waaruit Israel se verbondsverwantskap met God bestaan nie. Wat baat al hierdie toewyding as hulle byvoorbeeld die volgende doen, "hulle begeer en roof dit; ook huise en neem dit. So pleeg hulle dan geweld teenoor die man en sy huis, teenoor die mens en sy erfdeel" *(Miga 2:2)*? Israel was veronderstel om 'n lig vir die wêreld te gewees het, sodat die nasies met verbasing sou sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk" *(Deuteronómium. 4:6)*. Daarom moes hulle met wysheid en begrip opgetree het wat die regte en genadige behandeling van mense sou ingesluit het.

Daniël se gebed

Een van die mees beroemde gebede in die hele Ou Testament word in Daniël 9 gevind. Daniël het in die profeet Jeremia se boek gemerk dat die tyd van Jerusalem se "puinhope", sewentig volle jare, binnekort tot 'n einde moes kom *(Daniël 9:2)*, en toe het hy ernstig begin bid.

En wat 'n besondere gebed was dit nie — 'n smartvolle en treurige smeekgebed waar hy sy sondes en die sondes van sy volk bely het, terwyl hy terselfdertyd God se regverdigheid te midde van die ramp wat hulle getref het, erken het.

Lees **Daniël 9:1–19. Watter temas kan jy hier vind wat aan die boek Deuteronómium verwant is?**

_____

_____

Daniël se gebed is 'n opsomming van presies dit waarteen die nasie in Deuteronómium gewaarsku was, die vrugte wat hulle gepluk het omdat hulle nie hulle deel van die verbond nagekom het nie. Daniël het tweekeer na "die wet van Moses" *(Daniël 9:11, 13)* terugverwys, wat ongetwyfeld Deuteronómium ingesluit het, en in hierdie geval, spesifiek daarna verwys het.

Soos in Deuteronómium gesê was, was hulle uit die land verdryf *(lees Deuteronómium 4:27–31 en Deuteronómium 28)* omdat hulle ongehoorsaam was, presies wat Moses gesê het met hulle sou gebeur het *(Deuteronómium 31:29)*.

Hoe tragies dat, in plaas van dat die nasies rondom hulle sou gesê het, "Waarlik hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk" *(Deuteronómium 4:6)*, het Israel 'n "voorwerp van versmading" *(Daniël 9:16)* van daardie selfde nasies geword.

Deur al Daniël se trane en smekinge vra hy nooit die algemene vraag wat so baie vra wanneer die ongeluk hulle tref nie: "Hoekom?" Hy vra dit nooit nie, want te danke aan die boek Deuteronómium weet hy presies hoekom al hierdie dinge gebeur het. Met ander woorde, Deuteronómium het aan Daniël (en die ander bannelinge) die konteks gegee waardeur hulle kon verstaan dat die ramp wat hulle getref het nie die noodlot of toeval was nie, maar die gevolge van hulle eie ongehoorsaamheid, presies dit waarteen hulle gewaarsku was.

Maar, en wat dalk meer belangrik is, Daniël se gebed dui ook aan dat, ten spyte van hierdie gebeurtenisse, daar nog hoop was. God het hulle nie verlaat nie, al het dit dalk so voorgekom. Deuteronómium het nie net 'n konteks voorsien sodat hulle hul situasie kon verstaan nie, maar dit het hulle ook na die belofte van herstel verwys.

Lees Daniël 9:24–27, die profesie van Jesus en sy dood aan die kruis. Hoekom was hierdie profesie aan Daniël (en ook aan die res van ons) in die konteks van Israel se ballingskap en die belofte van herstel, gegee?

Vir verdere studie: "Miga 6:1–8 is een van die groot skrifgedeeltes in die Ou Testament. Net soos Amos 5:24 en Hoséa 6:6, som dit die boodskap van die profete van die agtste eeu op. Die skrifgedeelte begin met 'n pragtige voorbeeld van 'n verbondsregsgeding waar die profeet die volk dagvaar om die aanklag van Yahweh teen hulle aan te hoor. Die berge en die heuwels is die jurie, want hulle is van ouds af teenwoordig, en is getuies van hoe God met Israel gehandel het. Liewer as om Israel direk te beskuldig dat hulle die verbond verbreek het, vra God vir Israel of hulle enige beskuldiging teen Hom het. 'Wat het Ek jou aangedoen, en waarmee het Ek jou vermoei?' As hulle onregverdig behandel was, mag sommige van die arm mense dalk 'in goed doen verflou' het. As hulle geleenthede gehad het om vinnig ryk te word, mag sommige van die grondbesitters dalk moeg geword het om die verbondsverpligtinge na te kom." — Ralph L. Smith, *Word Biblical Commentary*, Micah-Malachi, (Grand Rapids, MI: Word Books, 1984), vol. 32, bl. 50, *(vry vertaal)*.

"Gedurende die hervorming wat plaasgevind het, was dit die koning [Josía] se doel om elke teken van afgodediens wat nog oorgebly het, te vernietig. Die inwoners van die land het vir so 'n lang tyd die gewoontes van die omringende nasies wat voor afbeeldings van hout en klip neergebuig het, nagevolg, dat dit menslikerwys amper onmoontlik was om elke spoor van boosheid uit te vee. Maar Josía het in sy poging om die land te reinig, volhard." — Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 401, *(vry vertaal)*.

Vrae vir bespreking:

❶ Ons is sonder twyfel Sewendedag-Adventiste, en deur ons boodskap van teenswoordige waarheid sien ons onsself in dieselfde posisie as antieke Israel, en met rede: hulle het waarhede gehad wat die wêreld rondom hulle moes hoor. Dit is 'n groot voorreg wat ons het. Maar, hoe goed dink jy hanteer ons die verantwoordelikhede wat so 'n voorreg meebring?

❷ Stel jou in Daniël se plek wat gesien het hoe sy volk oorval en oorwin was, en wat geweet het dat die tempel, die sentrum waar jy aanbid het, deur heidense afgodedienaars vernietig was. Hoe sou 'n kennis van die boek Deuteronómium sy geloof (of enige ander Hebreër s'n) baie ondersteun het gedurende hierdie tyd? Dit wil sê, hoe het die boek hom gehelp om alles wat gebeur het en hoekom dit gebeur het, te verstaan? Insgelyks, hoe kan ons begrip van die Skrif in die geheel ons help om moeilike tye en gebeurtenisse te deurstaan wat andersins, sonder ons kennis van die Skrif, ons baie mismoedig sou gemaak het? Wat behoort die antwoord hierop ons te leer oor hoe sentraal die Bybel in dit wat ons glo, moet wees?

❸ Hersien die 70-weke profesie van Daniël 9:24–27 in die klas. Watter rol speel die verbond in daardie profesie en hoekom is die verbondsplan daarin so belangrik — en vir ons?